

Dinsdag 13 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 24:36-49

Fokusgedeelte: Lukas 24:47

Vertel dié Goeie Nuus vir die nasies!

Wat sou jy vir jou naaste mense sê as jy weet jou tyd is min? Jy sou tog net dit wat belangrik is sê, en dit wat jy wil hê hulle moet doen en weet. Dit is presies wat Jesus hier doen. Hy het 40 dae gehad nadat Hy gekruisig is en opgestaan het om vir sy dissipels te vertel wat belangrik is.

Jesus Christus gee vir ons hier die groot opdrag. Ons moet aan al die nasies vertel Wie Jesus Christus is en wat Hy gedoen het.

Wat moet ons volgens Lukas 24 verkondig aan al die nasies? Bekering en vergewing van sondes. God het deur Jesus Christus vir jou bekering en vergewing van sondes gegee, daarom moet ons dit ook vir ander vertel.

Bekering beteken jy het in iets of iemand anders geglo en die Heilige Gees oortuig jou van Jesus Christus. Dan maak jy 'n 180 grade draai weg van dit waarin jy geglo het en glo in Jesus Christus. Dit beteken jy leef 'n nuwe lewe as gevolg van nuwe gedagtes, en jou dade pas daarvolgens aan. Jy kan so 'n bekeerde lewe leef omdat jou sondeskuld wat jy by God gehad het, afgeskryf is – jy is vergewe; skoon gemaak. Dit is die wonderlikste nuus ooit! Jesus Christus, die Koning van alle Konings, die Een wat ons só liefhet, sê dat ons die goeie nuus met ander moet deel, want Hy wil hê almal moet dit hoor.

Hoe maak die gedagte dat jou sondes vergewe is, jou 'n ander mens? Kan jy aan iemand dink met wie jy die Goeie Nuus wil deel?

Sing: Psalm 66-1:1, 7

Ds. RB Fourie (Reynold) (Bellville-Oos)